**Sondag 13 Augustus**
**Skrifgedeelte: Psalm 127 en 128**
**Fokusgedeelte: Psalm 127: 2 (AFR83)**
**My liggaam en God se onmisbare hulp**

Hy het so hard gewerk, want hy wou baie ryk word. Hy moes selfs groter skure bou vir die berging van sy oes. Hy het sy liggaam dag vir dag ooreis. Hy was verslaaf aan sy arbeid. Daarom noem Jesus hom die ryk dwaas in die gelykenis, want hy was nie ryk in God nie (Luk. 12).

Die boodskap van Psalm 127 is dat jy in jou dagtaak hard mag werk. Dit word selfs in vers 3-5 aangeprys – ’n jong pa wat met sy jeugdige krag vir sy seuns die voorbeeld van harde werk gee en hulle daardeur ook inspireer. Hardwerkendheid is mooi en goed, maar jy moet ook weet dat daar vir jou liggaam grense is. Jy mag jou liggaam nie misbruik nie en jy kan nie alleen berge versit nie. Jy het die Here se hulp elke oomblik nodig. Daarsonder is alles tevergeefs. Daar is dus grense vir wat jy kan aanpak en ook grense vir die lengte van jou werksure.

Ons het die seën van die Here vir ons dagtaak so nodig. Psalm 128 noem dit so mooi dat dit goed gaan met elkeen wat die Here in sy arbeid dien. En ons kan op die Here vertrou, want die Here kan groot dinge doen. Hy kan droë spruite in waterstrome verander (Ps. 126:4).

Wat ’n wonderlike geskenk is my liggaam nie om daarmee in my daaglikse werk God te dien – daarom moet ek ook rus om weer nuwe krag vir ’n nuwe week op te bou.

*Sing: Psalm 128-1:1*

*Dr. SJ van der Walt (Kobus) (emeritus)*